

Aanpassing in die uitgewersbedryf: Die geval van NB-Uitgewers rondom die millenniumwending ¹

HANNES VAN ZYL

Independant writer

Ministeriestraat 3, Stellenbosch 7600, South Africa

hannesvanzyl@mweb.co.za

Adjustment to change in the book publishing industry: The case of NB Publishers at the turn of the Millennium

Abstract. South Africa experienced accelerated political change after 1990. Authors, artists and cultural managers have been adapting to this political transformation, which also altered complex interrelated patterns in the field of cultural production. Book publishers, previously shielded to some degree by government spending from international trends in the industry, were compelled to adjust drastically when government expenditure on books dropped by more than 80% between 1996 and 1998. For most local publishers, the adjustment was urgent and necessary in order to survive. Simultaneously, they were exploring new freedoms and opportunities flowing from the transition, and also facilitating the gradual forging of new identities in the cultural and literary landscape. Some publishers are now less likely to be exclusively defined by language or a fixed cultural identity, and perhaps more so by their positioning within the structure of the publishing industry. This article documents some of the changes at one particular publishing house, NB Publishers.

Key words: NB-Publishers, consolidation, publishing industry, globalization

1. Vooraf

Die laaste dekade van die vorige eeu was vir Suid-Afrikaanse kunstenaars en kulturele bemiddelaars 'n tyd van deurlopende aanpassing by 'n veranderende omgewing. Die langsame aanloop tot verskuiwing in die politieke magsverhouding het versnel toe F.W. de Klerk in 1990 die noodtoestand beëindig en die verbod op bevrydingsorganisasies opgehef het. Nelson Mandela is uit aanhouding

¹ Gebaseer op 'n referaat gelewer tydens die Afrikaanse letterkunde-vereniging se tweejaarlikse kongres op Stellenbosch, 11-13 September 2006.

vrygelaat en 'n nuwe grondwet is onderhandel. Die bepalende demokratiese verkiesing in 1994 het die ANC aan bewind geplaas, met Nelson Mandela as staatspresident. Internasionale ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika en ook die algemene kulturele boikot is opgehef.

Skrywers, kunstenaars, teaterlui, uitgewers en andere werksaam in die kulturele sfeer in Suid-Afrika was toe al geruime tyd betreklik algemeen vervreem van en in verzet teen die bestaande politieke bestel, spesifiek ook die ou regering se sensuurmaatreëls. Hulle het meesal die oorgang na 'n nuwe politieke bestel verwelkom, meermale met aansienlike verwagting. Daar was dus inherente vaart en energie in die oorgang aanwesig. Nietemin het die bemiddeling tussen strukture, die bou van genoegsame vertroue om gedeelde simbole en tegelyk ook gedefinieerde verskille te vind, 'n meer langsame proses geword, wat nog in swang is.

Wat volg is 'n bondige opgaaf van aanpassings en veranderinge by 'n enkele entiteit, die boekuitgewery NB-Uitgewers, 'n afdeling van die mediagroep Naspers. Dit is 'n klein en in sekere opsigte 'n persoonlike opname, in 'n veld wat minder afhanklik is van staatsbefondsing en dus ook staatsbeïnvloeding as byvoorbeeld teater of filmproduksie. Dit gee nietemin 'n vlugtige aanduiding van hoe politieke verandering verskuiwings van mag binne die velde van kulturele produksie bewerk.

2. Konteks: Suid-Afrika

2.1 Media

Vier mediagroepes het in die tweede helfte van die vorige eeu die publikasiebedryf in Suid-Afrika oorheers. Die grootste, en sterkste in inkomste, was aanvanklik Argus en South African Associated Newspapers, later Times Media, eienaars van die grootste koerante, almal Engelstalig. Kleiner, en aanvanklik meer beperk tot net die Afrikaanse mark, was Naspers en Perskor, eienaars van Afrikaanstalige koerante, asook van tydskrifte en van boekuitgewerye. Die markverdeling tussen Perskor en Naspers was eers geografies, met Naspers in die suide, in Kaapstad, en Perskor in die noorde, gevestig in Johannesburg. Naspers het in die jare sestig en sewentig, telkens teen die uitdruklike wens van die politieke heersers van die dag, die Noordelike mark suksesvol met koerante betree. Radio en televisie (eers in 1976 in Suid-Afrika toegelaat) is tot laat deur die staat beheer. In 1986 het die vier groot mediagroepes, met enkele kleiner aandeelhouers, vennote geword in M-Net, die eerste kanaal vir betaaltelevisie.

Nou, na die oorgang, is die eertydse Argus-groep deel van die oorspronklik Ierse maar nou internasionale groep, Independent News & Media. Party vorige publikasies van die eertydse Times Media het met oornames ook deel van

dié groepering geword. Die oorblywende publikasies van Times Media val nou onder Johncom, 'n swart bemagtigingsgroep.² Hulle besit ook boekuitgewerye en boekwinkels. Perskor bestaan nie meer nie; nie 'n enkele een van die groep se Afrikaanse koerante het oorleef nie. Naspers het gegroei tot Afrika se voorste mediagroep, met internasionale belange in koerante, tydskrifte, elektroniese media en betaaltelevisie versprei oor vier vastelande. Die groep se boekuitgewerye is behou, maar weens die snelle groei in ander bedrywigheide is die boekuitgewerye se bydrae uiters gering, vergeleke met 'n halwe eeu gelede toe boeke nog vir beduidende tydperke die vernaamste bron van inkomste was.³

Daar was dus in die tyd van politieke oorgang ook aansienlike veranderinge in die onderlinge magsbalans tussen mediagroep, wat tegelyk die eienaars van die grootste boekuitgewerye in Suid-Afrika is.

2.2 Boeke

Wat boeke betref, is Afrika in 'n belangrike mate nog 'n gekolonialiseerde vasteland. Die literêre tale is hoofsaaklik Engels en Frans, in 'n beperkte mate ook Arabies en Afrikaans. Die vlakke van geletterdheid is oorwegend laag en daar is min publikasies in enige van die meer as 2 000 inheemse swart tale. Tot 'n dekade gelede was sowat 95% van alle boeke wat op die vasteland uitgegee is skoolboeke.⁴ Handelstariewe, wisselkoersprobleme, swak verspreiding en gebrekkige infrastrukture maak dit verder moeilik vir uitgewerye in Afrika om onderling handel te dryf.

Suid-Afrika is een van die belangrike uitsonderings op die vasteland, 'n land met 'n wesenlike algemene boekbedryf en 'n deurlopende en diverse vloei van titels in die algemene mark.⁵ Nietemin is geletterdheid ook hier steeds laag.⁶

² Swart bemagtiging verwys na 'n proses waarin swart aandeelhouders gehelp word om eienaarskap en ook beheer in ondernemings te verkry. Dit is soms 'n vrywillige proses, maar word ook deur wetgewing afgedwing.

³ 'n Meer volledige beeld van onderhandelinge en naamsveranderinge kan verkry word uit die verskillende groepe se jaarverslae, beskikbaar op webruimtes. 'n Bondige algemene oorsig van veranderinge in die media en van belangrike kwessies sedert die verandering in bewind is te vind in Bekker, Singh & Sullivan (2004: 139-171), asook in De Beer & Wasserman (2005: 36-51).

⁴ Statistiek oor wêreldtendense in die boekbedryf is ontleen aan: interne verslae van die Mohn-stigting in Duitsland, wat deurlopend die mees omvattende navorsing oor die boekbedryf in die wêreld doen; Whitaker Book Track; AAP Sales Reports; Schriffrin se *The Business of Books* (2000); en inligting verstrek deur die bestuur van die Frankfurter Buchmesse.

⁵ In Suid-Afrika is die marktaandeel van skoolboeke 60%, akademiese publikasies 10% en boeke vir die algemene mark 30% (McCallum 2005: 9-10).

⁶ Volgens UNICEF se mees onlangse syfers is funksionele geletterdheid van die volwasse bevolking 82%.

Sowat 70% van die boeke wat in die algemene mark verkoop is boeke wat elders uitgegee is, meesal in Londen. Engelstalige skrywers uit Suid-Afrika gee tradisioneel in Londen uit sodra hul kan, eerder as in Suid-Afrika. Tot onlangs was daar nie sterk literêre uitgewerye in Engels in Suid-Afrika nie; die groter literêre uitgewerye was oorwegend Afrikaans. Dit verander nou, onder meer met swart skrywers wat in Engels publiseer. Minder as 1% van boeke wat in die handel verkoop word, is in inheemse swart tale geskryf. Die boekbedryf in Suid-Afrika het gegroei van 'n beraamde R1.3 miljard in 1994 tot R2.1 miljard in 2005 (Galloway, Venter & Bothma, 2006a).⁷

2.3 Afrikaans

Onder die nuwe grondwet, wat in 1996 in werking getree het, het die vorige amptelike landstale, Engels en Afrikaans, twee van elf amptelike tale in die land geword.⁸ Die verklaarde doel was om groter erkenning aan al die inheemse swart tale te gee; in die praktyk beteken dit dat Engels as amptelike taal gebruik word. Terwyl sowat ses miljoen mense in Suid-Afrika steeds Afrikaans as eerste taal praat en terwyl steeds wyd in Afrikaans gepubliseer word, word twyfel geskep weens die verskraling van Afrikaans se hoër funksies as 'n taal van die akademie, die onderwys, die wetenskap, die regbank, die handel en die openbare lewe. In openbare debat en ook onder Afrikaanse skrywers word gevra óf en ook hóé Afrikaans as taal sal oorleef. Dit is moeilik om akkurate voorspellings te doen oor 'n saak so kompleks as die oorlewing van 'n taal as literêre taal.

3. Konteks: Internasionale boekbedryf

Die boekbedryf in Suid-Afrika, veral die Afrikaanse sy daarvan, was voor die veranderinge rondom 1994 in belangrike opsigte verskans teen veranderinge wat elders al die boekwêreld omvorm het. Uitgewers in Suid-Afrika het veral ná

⁷ Dit was egter nie reglynige groei nie, eerder onstuimige wisseling, met 'n hoogtepunt van meer as R2 miljard in 1996 en 'n laagtepunt van ongeveer R800 miljoen in 1998. Teen 2006 was staatsbesteding op skoolboeke terug op vlakke soortgelyk aan dié voor die afname in 1996-1998. In 2006 en 2007 is altesaam R2 miljard in die staatsbegroting as aanvullende toekennings vir biblioteekdienste voorsien; dit kan uitloop op ruimer boekaankope vir biblioteke.

⁸ Die totale bevolking is 44.6 miljoen. Daar is elf amptelike tale met gelyke status. Die verspreiding van sprekers volgens eerste taal is: 23.8% IsiZulu; 17.6% IsiXhosa; 13.3% Afrikaans; 9.4% Sepedi; 8.2 % Engels; 8.2% Setswana; 7.9% Sesotho; 4.4% Xitsonga; 7.2% SiSwati, IsiNdebele, Tshivenda. Nie-amptelike lingua franca: Engels. Geletterdheid: 82% (McCallum, 2005: 9-10).

1998 internasionale tendense in die bedryf met groter intensiteit ervaar. Onder meer: grootskeepse konsolidasie; globalisering; en elektroniese en tegnologiese vernuwing.

3.1 Grootskeepse konsolidasie

Veranderinge in die boekbedryf, veral die groter koste van bemarking, het in die afgelope drie dekades by uitgewerye 'n groter behoefte aan kapitaal geskep. Dit het goedkoper geword om boeke te maak, maar duurder om die regte boek betyds by die regte leser te kry. Daarby het boekhandelaars in die afgelope drie dekades al meer die risiko ten opsigte van voorraad op uitgewerye afgewentel.

Die groter behoefte aan kapitaal het tot grootskeepse konsolidasie gelei. In die proses het die gaping vergroot tussen uitgewerye wat die mark beheer en kleiner uitgewerye wat net in nismarkte werk. Dit gebeur oral, maar is veral in die VSA duidelik sigbaar. Schiffrin stel dit as volg: "[...] a mind-boggling fifty-three thousand publishers in the country [...] 93 percent of annual sales are controlled by the top twenty firms, another 2 percent by the hundred-plus university presses. All of 5 percent of book sales are left to be fought over by this vast number of publishers" (2000: 172).

3.2 Globalisering

Globalisering in die boekbedryf word versterk deur snelle groei in die Engelstalige mark. Met Engels wat toenemend die publikasietaal van die wêreld word, gee sterk uitgewerye in ander tale ook meer in Engels uit. Van die grootste Engelstalige uitgewerye word reeds beheer deur uitgewerye soos Bertelsmann, Holzbrink en Hachette, wat as ondernemings die kulturele sprong na 'n ander taal gedoen het.

In Suid-Afrika ding plaaslike uitgewerye regstreeks mee met die groot Engelstalige uitgewerye, wat hul boeke deur eie kantore in die land bemark en versprei. Die groot Engelstalige uitgewerye verkoop hier dus nie die regte op 'n titel aan 'n plaaslike uitgewery nie, maar voer die boeke vanuit Londen in. Random House en Penguin, onder die groot uitgewerye, het onlangs begin om ook plaaslike titels in Suid-Afrika uit te gee.

3.3 Elektroniese en tegnologiese vernuwing

Die groot aanvanklike invloed van elektroniese vernuwing in die boekbedryf was nie die beskikbaarheid van titels in elektroniese vorm nie, maar eerder elektroniese stelsels waarmee boeke redaksioneel versorg, gedruk, versprei en bemark word. Om te kon meeding met die internasionale uitgewerye wat hul boeke in Suid-Afrika bemark en versprei, moes plaaslike uitgewerye die afgelope dekade aansienlike bedrae in stelsels en in logistieke vermoëns belê.

4. Krisis in die boekbedryf in Suid-Afrika

Min het gekom van aanvanklike planne, in 1994 deur die nuwe politieke leiers geïnisieer en met bydraes deur gevestigde rolspelers, vir 'n ingrypende omvorming van die boekbedryf. Die onderskeie Book Development Councils het binne enkele jare verdwyn. Beleidsraamwerke, wat aan biblioteke 'n belangrike rol toegeken het in die uitbou van 'n leeskuultuur en as stutte vir plaaslike publikasies, het meesal goeie bedoelinge gebly. Uitgewerye wat tevore skerp teenstanders van die ou politieke bestel was en soms net met internasionale skenkings kon oorleef, het in die nuwe bedeling nie die snelle groei beleef waarop hulle gehoop het nie.

In die finansiële boekjaar 1997 tot 1998 het 'n skerp daling in staatsbesteding op skoolboeke tot 'n krisis gelei. Dit het saamgeval met 'n algemene insinking in die land se ekonomie. Twee groter en verskeie kleiner uitgewerye het gesluit, en in die betreklike klein plaaslike bedryf het honderde mense hul werk verloor.

4.1 Druk op die staat se vermoëns

Uitgewers het aanvanklik aanvaar die staat se besteding het in 1998 van sowat R850 miljoen tot ongeveer R240 miljoen gedaal, 'n aanname wat gebaseer is op inligting wat deur die provinsiale onderwysdepartemente aan die sentrale regering voorsien is. 'n Ontleding deur Kate McCallum en Terence Ball, destyds onderskeidelik uitvoerende hoofde van Oxford University Press en van MacMillan in Suid-Afrika, dui egter daarop dat die aankoopssyfers wat deur die provinsiale departemente aan die sentrale onderwysowerhede verskaf is, nie akkuraat was nie. Hul ontleding toon 'n daling van R1.3 miljard tot R650 miljoen en dan weer tot R171 miljoen in die jare 1996 tot 1998 (McCallum 2005: 9-10).

Dié ingrypende inkorting, waarvoor daar geen waarskuwing vooraf was nie, is toegeskryf aan 'n beleidsrigting geïmplementeer deur die destydse minister van onderwys, Sibusiso Bengu, wat die belangrikheid van boeke in die leerplan sterk bevraagteken het. Daar was ook sprake dat die staat self handboeke sou skep en druk. Hoewel dié kwessies moontlik 'n faktor in die skerp daling in die aankoop van skoolboeke was, is dit moontlik dat strukturele probleme in die proses van voorsiening eerder die vernaamste rede vir die afname was.⁹

Dit was nie net skoolboekuitgewerye wat geraak is nie. In die Suid-Afrikaanse mark en veral in Afrikaans was skoolvoorskrywing 'n tweede lewe vir boeke in

⁹ Die moontlikheid dat die afname in aankope nie 'n beplande ingryping deur die staat was nie, word versterk deur McCallum en Ball (2005) se ontleding van die verskille tussen werklike en vermeende aankope by provinsiale onderwysdepartemente, asook deur buitengewone probleme en vertragings met betalings van die staat wat in dié tyd deur uitgewers ervaar is.

die algemene mark, soos wat sagtebande in die ontwikkelde boekmarkte 'n aanvullende bron van inkomste op 'n titel skep. Tafelberg, eens 'n vlagskip onder die Afrikaanse algemene uitgewerye, het in 'n stadium byvoorbeeld meer as 60% van sy inkomste verkry uit skoolbesteding, met werk wat eers algemeen uitgegee en dan later voorgeskryf is. Dit was inkomste wat eensklaps verdwyn het.

Bykomend tot die reuse vermindering in die staat se besteding op skoolboeke, is daar in dié jare op biblioteekaankope, in staatsdepartemente en ook aan tersiêre instellings in die algemeen, veel minder aan boeke bestee. Aankoopvoorskrifte vir biblioteke het tegelyk nie soos tevore inheemse boeke beskerm nie.

4.2 Omwenteling in die boekhandel

Ook in 1998 was daar vir ongeveer drie maande 'n stilstand, die eerste van vele, in boekaankope by die CNA, toe nog verreweg die grootste boekhandelaar in Suid-Afrika.¹⁰

Veral Afrikaanse uitgewerye is deur die aankoopstilstand sleg getref. Afgesien van die enkele kleiner Afrikaanse boekwinkels, was die CNA die enigste boekhandelaar in die land wat Afrikaanse boeke op die rak gehou het. Onvoldoende inligtingstelsels, wat tot onbeheerde voorraadvlakke gelei het, het meegebring dat die CNA in 'n enkele jaar R35 miljoen se aangekoopte boekvoorraad aan uitgewerye teruggestuur het. Die voorwaarde vir die aankoop van nuwe titels was dat ou voorraad eers deur uitgewerye teruggekoop moes word.¹¹

Die CNA het eendelik vyf jaar later, ná likwidasie en verdere verliese vir uitgewerye, in 2003 onder nuwe eienaarskap weer winsgewend geword. Maar toe het die onderneming al sy plek as voorste boekhandelaar aan Exclusive Books afgestaan.

¹⁰ CNA (Central News Agency) se marktaandeel in kleinhandelverkope was in daardie stadium sowat 32%. Die ander drie groot boekhandelaars, Exclusive Books, die boekklubs Leserskring/Leisure Books en Readers' Digest, het elkeen tussen 10% en 13% marktaandeel gehad. Daar is in verhouding min onafhanklike boekhandelaars in Suid-Afrika, en net enkele winkels wat oorwegend Afrikaanse boeke aanhou. Boekwinkels in Suid-Afrika, hoewel nie meer uitsluitlik Engelstalig nie, is steeds oorwegend Engelstalig.

¹¹ 'n Vergelyking met 'n soortgelyke situasie in Kanada dien as illustrasie van hoe ernstig uitgewerye geraak word wanneer 'n groot boekhandelaar ineenstort. Chapters, die grootste Kanadese boekhandelaar, het in dieselfde tyd as die CNA soortgelyke probleme ondervind. In verhouding tot die grootte van die bedryf het Chapters 'n aansienlik kleiner terugsending as die CNA aan plaaslike uitgewerye gedoen het. Dog die Kanadese parlement het besluit dit is 'n noodtoestand vir die land se boekbedryf. Noodfondse is vir uitgewerye beskikbaar gemaak, om te verseker dat Kanadese uitgewers nie rakruimte aan die groot internasionale uitgewers afstaan nie. In Suid-Afrika was daar geen sprake dat uitgewerye 'n soortgelyke steunbasis onder politieke leiers kon verkry nie. Die nuwe politieke bestel in die land was te jong en die fragmentering van die bedryf te groot.

4.3 Moeilike tye vir eenaars van uitgewerye

Die krisis in die uitgewerybedryf in Suid-Afrika het saamgeval met 'n wêreldwye insinking in die mediabedryf, waar die eenaarskap van sowel die grootste Engelstalige en Afrikaanse uitgewerye in Suid-Afrika lê.

Naspers, wat toe vir dekades al aaneenlopend winsgewend was, het voor dié wêreldwye insinking aansienlike bedrae in ontwikkeling en tegnologie belê. Van 1999 tot 2002 was daar verliese van altesaam meer as 'n miljard Rand en ook groot verliese op die waarde van aandele. Uitvoerende hoof Koos Bekker het einde 2002 die vorige agttien maande beskryf as "die moeilikste tydperk in die internasionale mediabedryf sedert die Tweede Wêreldoorlog." Naspers het in dié periode dringend bespaar, ondernemings gesluit en personeel met meer as twee duisend verminder.

Dit was nie 'n tyd waarin die beheermaatskappy en sy aandeelhouers ruim fondse beskikbaar gehad het om boekuitgewerye se verliese gelate te aanvaar nie.

5. NB-Uitgewers

In 1998 was die uitgewerye in Naspers nie net die grootste en belangrikste Afrikaanse uitgewerye nie; hulle was die enigste van die groter Afrikaanse algemene uitgewerye wat die politieke en ekonomiese veranderinge van die dekade kon oorleef.¹²

Om ná 1998 nog eens te oorleef, het Naspers se boekuitgewerye:

- Verskillende uitgewerye in een onderneming saamgevoeg, met behoud van drukname, selfstandige besluitreg en onderlinge mededinging
- Bemaking en verspreiding grondig aangepas
- Operasionele doeltreffendheid volgens internasionale norme omvorm

¹² Dié uitgewerye se uitgebreide fondslus, asook hul uitsonderlike prestasie in plaaslike literêre en ander toekennings, gee aanduiding van 'n ryk tradisie wat onder vorige uitgewershoofde soos J.J. Human en D.J. van Niekerk uitgebou is. Onder die uitgewerye wat in die laaste dekade van die vorige eeu opgehou het om as selfstandige algemene uitgewerye te bestaan, is HAUM (Hollands Afrikaanse Uitgewersmaatskappy), met meer as tien drukkersname, asook Perskor, met nog meer drukkersname. Die verskil tussen Perskor, wat as mediagroep ineengestort het, en Naspers, wat in dieselfde tyd nog kon groei, lê moontlik sowel in die gehalte van bestuur as in die feit dat Perskor veel meer as Naspers vir inkomste van die regering afhanklik was. Naspers het, afgesien van 'n sterker klem op gehalte, in belangrike opsigte 'n meer kritiese afstand ten opsigte van die vorige regering gehandhaaf.

Die samevoeging van uitgewerye en die operasionele verbeteringe is oor ses jaar gedoen, onder twee opeenvolgende uitvoerende hoofde, wat elkeen bepaalde aspekte van die proses afgehandel het.

5.1 Samevoeging met behoud van drukname

Vóór 1998 het Naspers se algemene uitgewerye betreklik outonoom opgetree en skerp meegeding in 'n boekmark wat in die voorafgaande klompie jare nie wesenlik gegroei het nie. Tafelberg was die enigste van dié uitgewerye wat deurlopend winsgewend was, met goeie inkomste uit skoolboekverkope. Oor 'n tydperk van vier jaar ná 1998 is Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela en Queillerie, asook die algemene lys van J.L. van Schaik en die woordeboek-uitgewery Pharos, onder die naam NB-Uitgewers in een onderneming byeengebring. Dit was 'n stadige proses van onderhandeling, wat nietemin sonder verlies van sleutelpersoneel of belangrike skrywers afgehandel is. Bedryfsfunksies is gesentraliseer, maar drukkersname is behou, tesame met die inherente kenmerke wat met elke druknaam verbind is, asook 'n belangrike mate van onderlinge mededinging. In die proses is individuele redakteurs ruimte gegee om uitgewers te word en in eie reg publikasiebesluite te neem, met oorhoofse verantwoordelikheid vir die finansiële risiko en bemarking van 'n bepaalde titellys.¹³

5.2 Grondige aanpassing in bemarking en verspreiding

Die vermoëns in verspreiding en bemarking in Naspers se uitgewerye was tevore meestal toegespits op skoolboeke en op lewering vir boekhandelaars wat sentraal aankoop, soos die CNA of boekklubs. Hulle moes aanpas om titels in beduidende hoeveelhede op die rak te kry by veral Exclusive Books, wat 'n gedesentraliseerde aankoopbeleid volg en wat vinnig die nuwe markleier in die Suid-Afrikaanse boekhandel geword het.

¹³ Die meeste redakteurs het die kans vir ruimer verantwoordelikheid en beheer benut, maar die aanpassing was nietemin ook pynlik vir individue én vir die organisasie. Tevore kon redaksionele personeel soms betreklik onverstoord 'n manuskrip versorg en dan die verantwoordelikheid oorgee aan ander afdelings in die uitgewery, soos produksie en bemarking, wat in 'n laat stadium van die uitgeeproses tydskedules, begrotings, prysberekening en verkoopplanne sou opstel. Doeltreffende bemarking, in mededinging met Engelstalige uitgewers, het noodwendig meegebring dat laasgenoemde prosesse reeds lank voor die redaksionele versorging gedoen moes word. Tesame met die verantwoordelikheid vir finansiële resultate vir bepaalde titels het dié proses om streng dissipline gevra, in opsigte waar dit tevore nie noodsaaklik was nie. 'n Handelswyse wat by die meeste internasionale uitgewerye algaande weens markvereistes ontstaan het, is hier dus uiters dringend deurgevoer.

Dit was in 1998 nie so voor die hand liggend as vandag dat Afrikaanse boeke in hoofsaaklik Engelstalige boekwinkels op die rak moes wees of selfs kon wees nie. Daar was enersyds teenstand by party boekhandelaars vir wie die gedagte vreemd was. Andersyds het heelparty Afrikaanse skrywers geglo uitgewers moet met kolporteurs en reisende boekwaentjies lesers in die platteland van boeke voorsien. Die voorbehoude teen dié voorstelle was dat dit die uitgewery se baie beperkte middele in daardie tyd verder sou beproef, terwyl geen uitgewery dit nog op die lange duur kon regkry om tegelyk ook 'n doeltreffende boekhandelaar te wees nie.

Selfs nadat boekhandelaars algaande ingestem het om Afrikaanse boeke in Engelstalige winkels op die rak te hou, moes hard gewerk word om bemaking te verfyn en ook om verspreiding te hou op die vlak waaraan die beste handelaars gewoon was.

Die uitgewerye in die NB-groeiering het ná 1997 die aantal titels per jaar verminder, maar die omset in die vier jaar van 1998 tot 2000 nietemin verdubbel. Die omset en die aantal boeke wat elke jaar verkoop word, groei nou nog bestendig.

5.3 Operasionele doeltreffendheid

In die byeenbring van die verskillende algemene uitgewerye in Naspers is internasionale gebruike en standaarde van doeltreffendheid doelbewus as norm gebruik. Dit het onder meer 'n aansienlike belegging in internasionaal aanvaarde inligting- en bedryfstelsels geverg.

Moontlik die moeilikste aspek van die operasionele verandering was 'n hersiening van outeurskontrakte. By die nuwe drukname, soos Kwela, was dit nie 'n probleem nie, omdat kontrakte van meet af aan op teenswoordige internasionale riglyne geskoei is. By die ouer drukname was wysigings om talle redes noodsaaklik. Terugskouend was dit tog onwys om die veranderinge vir nuwe publikasiekontrakte deur te voer in 'n stadium toe die aantal nuwe titels per jaar deur die uitgewery verminder is en vele skrywers bowendien weens die veel kleiner staatsbesteding op skoolboeke minder verdien het.

Operasionele doeltreffendheid is noodsaaklik vir 'n uitgewery, maar is op sigself nie 'n strategie nie. In die hersikking van NB-Uitgewers was operasionele doeltreffendheid 'n belangrike voorvereiste vir 'n strategie om in die Suid-Afrikaanse hoofstroom boeke van hoë gehalte uit te gee.

6. Samevatting

In die geskiedenis van boeke maak het die uitgewery as entiteit ontstaan pas toe daar genoeg lesers was om dit vir 'n uitgewer moontlik te maak om boeke te verkoop. Skrywers kon van toe af volledig of minstens gedeeltelik oorleef sonder die weldoenende beskermheer, wat meesal die kerk, staat of 'n adellike was. Die uitgewer sien vandag steeds toe dat skrywers in die afronding van hul werk begelei word; dat 'n produk vir lesers aangebied word; en dat ekonomiese waarde geskep word om die uitgee van boeke volhoubaar moontlik te maak. Die ideaal vir die boek is steeds dat dit in die wydste moontlike sin van die woord verruimend sal wees, vir die enkele leser en ook vir die gemeenskap.

Vir die uitgewerye in Naspers was die tydperk rondom die milleniumwending in belangrike opsigte 'n normalisering van maniere van doen en dink. Die strewe na kulturele kapitaal sou nog die wesenlike instinkte lei; die besonderhede van navolging is gewysig. Die inkomste uit skoolboeke en ander staatsbesteding het tevore ruimte gelaat vir praktyke wat soms inherent teenstrydig was. Daar was dikwels nie wesenlike verskil in die bemarkingskoste aangegaan vir 'n titel waarvan 'n paar honderd in die algemene mark sou verkoop en vir 'n ewesoortige titel met verkoopsyfers in die duisende of selfs tienduiseende. Omdat verkope in die algemene mark binne die groter geheel so dikwels nie deurslaggewend was nie, het elke titel gelyke behandeling kry en is geen skrywer in uitgawes op bemarking bo 'n ander voorgetrek nie. Ook die aantal titels uitgegee is nie deur verkope in die algemene mark bepaal nie. Gemeet aan die aantal nuwe titels per jaar, in 1997 reeds 250 net vir Tafelberg en Human & Rousseau, sou Naspers se uitgewerye as groot gereken moes word. Maar gemeet aan inkomste, aan verkope per boek en aan die vermoë om titels in die algemene mark te bemark, was dié uitgewerye klein, volgens wêreldnorme in die bedryf eerder nismarkuitgewerye.¹⁴

Die werklike keuse in die krisis rondom die eeuwending was of Afrikaanse uitgewerye in hul keuse van titels en deur die manier waarop hulle boeke versprei

¹⁴ Moontlike velde vir akademiese ondersoek is óf en dan ook hóé Afrikaanse literêre werk moontlik deur die verhoudingsgewys hoë vlakke van staatsbesteding gevorm is. Of andersom: sal die groter belang van die algemene lesersmark vorentoe 'n vormende invloed op die Afrikaanse literêre korpus wees? In die geval van Engelstalige literêre werk kan gevra word wat die invloed was van die skaarste aan plaaslike Engelstalige literêre uitgewerye, dus van die verskynsel dat Engelstalige skrywers vir lank in 'n belangrike mate op Londense uitgewers aangewese was. Sou die stem anders gewees het as daar meer plaaslik uitgegee is? Sal dit verander nou dat daar meer Engelstalige literêre werk plaaslik uitgegee word? En hoe verander die stem van 'n swart skrywer met 'n inheemse moedertaal wanneer hy/sy in Engels publiseer? Is daar hoegenaamd die moontlikheid van publikasie in die inheemse swart tale, sonder ingrypende, doelgerigte staatsbesteding om dit moontlik te maak?

en bemark 'n eiesoortige en noodwendig beperkte en meesal Afrikaanse enklave moet skep, en of hulle hul boeke op dieselfde manier as die Engelstalige uitgewerye moes bemark en versprei. Die keuse om 'n "gewone" uitgewery te word, doeltreffend in operasionele bestuur en met 'n strategie om oorwegend boeke van gehalte uit te gee, het ook die aard van die uitgewery se selfopgelede kulturele verpligting gewysig.

Naspers se uitgewerye is in hul uitgeebesluite dikwels gelei deur 'n besef, selfopgelê, maar tegelyk ook gevoed deur die verwagtinge van skrywers en ingeligte lesers, dat hulle die verantwoordelikheid het om die Afrikaanse letterkunde in stand te hou. Dat die saak van Afrikaans vroeg al 'n belangrike dryfveer was, spreek onder meer uit die briewe van mense wat in die jare twintig en dertig van die vorige eeu die bedryf gevestig het. Sensitiwiteit vir die boek as boek het later ontwikkel, maar is toe dikwels nog getemper deur pligsbesef ten opsigte van die taal en sy letterkunde.

In die tydperk van aanpassing het NB-Uitgewers sterker as tevore 'n meertalige uitgewer geword, goed geplaas om meer boeke in Engels uit te gee, maar nietemin nog verreweg die markleier in die uitgee van Afrikaanse boeke. Tegelyk, danksy nuwe toetreders, sowel nuwe plaaslike uitgewers as gevestigde internasionale huise wat begin het om ook in Afrikaans uit te gee, het die onderneming weer eens net een van verskeie uitgewerye geword waar Afrikaanse skrywers kan uitgee.

Toe Afrikaanse boeke wyd naas Engelse boeke het op die boekrakke van boekwinkels in die land ruimte gekry het, het dit vir internasionale uitgewerye moontlik, of minstens veel makliker geword om ook Afrikaanse skrywers uit te gee. Penguin sou tien jaar tevore nouliks 'n skrywer soos Dalene Matthee in Afrikaans kon uitgee, soos wat in 2005 met haar roman *Die uitgespoeldes* gedoen is. Dieselfde geld vir Random House en die skrywer Antjie Krog. Die normalisering van NB-Uitgewers as 'n gewone uitgewery volgens internasionale norme het dus bygedra om vir Afrikaanse skrywers 'n groter ruimte van keuse tussen uitgewerye te skep.¹⁵

NB-Uitgewers se keuse om 'n "gewone" uitgewery te wees, het verder bepaal dat die nuwe plaaslike uitgewerye, soos Protea, as 'n noodsaaklike aanvulling in die mark gesien is. Waar moontlik was NB-Uitgewers hulle tot hulp, met sake soos oordrukregte en ook met verspreiding, wat duur is in 'n wye land met min lesers. Dit was 'n bewuste keuse van NB-Uitgewers dat die groep se verspreidingsgeriewe ook vir die nuwe mededingers beskikbaar sal wees.

Hoewel die sakesy van uitgewerye in Naspers belangriker geword het, was en is daar deurentyd nog 'n ruim koestering van sowel die saak van Afrikaans as die saak van die boek. Onder meer het Koos Bekker en die direksie van Naspers

¹⁵ Dis meesal skrywers met goeie status, vanweë redes soos literêre aansien en/of hoë verkoopsyfers, wat nou dié ruimte kan benut.

se teikens vir ondernemings in die groep die algemene uitgewerye selfs in die erg moeilike tye steeds bo al die ander ondernemings met spesiale toegewings bewillig.

‘n Belangrike uitdaging vorentoe vir NB-Uitgewers sal wees om steeds groot genoeg te wees om met die internasionale uitgewers in Suid-Afrika om rakruimte te kan meeding, en om tegelyk te probeer om met betreklik selfstandige drukname ‘n hoogs persoonlike en selfs individualistiese tuiste vir skrywers te bied.¹⁶

‘n Verwante uitdaging sal wees om ‘n meertalige uitgewery te wees wat verskillende kulturele aansprake met oortuiging bemiddel. NB-Uitgewers het regdeur die krisisperiode voortgegaan om meer nuwe skrywers uit te gee, waaronder swart en bruin skrywers en ook Engelstalige skrywers. Met ‘n groter multikulturele skrywerskorps, in Afrikaans en ook in Engels, was die bestuur van verwagtinge soms veeleisend. Dit is nog betreklik ongewoon vir ‘n enkele uitgewery, nie soseer om in meer as een taal uit te gee nie, maar om meer as een literêre, politieke en sosiale establishment te probeer oorspan. Skrywers (en soms ook lesers) voel dikwels hulle het ‘n spesiale aandeel in die fondslus van ‘n uitgewery, ‘n aanspraak wat gegrond is in die eienskappe wat met ‘n bepaalde uitgewery vereenselwig word. Elkeen se “besit” van die fondslus het die verwagting dat ander titels op die lus hul eie kulturele kapitaal sal weerspieël.

‘n Mens voorsien dat die hele Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf in die voorsienbare toekoms nog tussen kulturele identiteite sal bemiddel en tegelyk nog algaande sal skif in die rigting van uitgewerye elders in die ontwikkelde wêreld. Dit sal onder meer beteken dat ook skrywers hul toenemend sal rig tot uitgewerye wat die beste heenkome bied vir die boeke wat hul skryf. Vir sommiges sal dit die kleiner nismarkuitgewerye wees; vir ander die groter uitgewerye.

Nou, en vir die voorsienbare toekoms is daar groei in Suid-Afrika se uitgewersbedryf. Die boekmark is steeds beskeie; betreklik min lesers is oor ‘n groot geografiese ruimte en ook oor verskillende tale versprei. Die bedryf is dalk ook blootgestel: staatsbesteding is vir party uitgewerye ‘n beduidende stut, maar dalk onseker in die mate waarin dit nog nie in beleid vir die lange duur gevestig is nie. Die onvoorsiene en moontlik onbedoelde afname in staatsbesteding agt jaar gelede het nietemin bestaande uitgewerye tot noodsaaklike vernuwing en groter weerbaarheid gedwing. En daar is steeds ‘n sterk literêre tradisie, wat nou opnuut bevestig en gevorm word. Verskeie nuwe uitgewerye het in die laaste jare tot stand gekom. Nuwe skrywers verskyn. Nuwe identiteite word ontdek, verken, gesmee...

¹⁶ Waar daar in dié artikel na rakruimte in boekwinkels verwys word, is dit enersyds ‘n wesenlike, meetbare en beperkte ruimte waarom uitgewers meeding. Maar dit word ook in ‘n wyer betekenis gebruik, wat aspekte van bemaking en ook elektroniese ruimtes nie uitsluit nie. Tot dusver is die uitgewers wat rakruimte in boekwinkels die beste beset meesal ook die markleiers in elektroniese verkope.

Bibliografie

- Bekker, K., A. Singh, & P. Sullivan. 2004. "A Democratic South Africa: Three perspectives on the role of culture and the contribution of entertainment and the media." *South Africa at 10: Perspectives by political, business and civil leaders*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Bourdieu, P. 1993. *The Field of Cultural Production*. Cambridge: Polity Press.
- De Beer, A. & H. Wasserman. 2005. "Which Public? Whose interest? The South African media and its role during the first 10 years of democracy." *Critical Arts* 19 (2005): 36-51.
- Epstein, J. 2001. *Book Business: Publishing Past, Present and Future*. New York: W.W. Norton & Company.
- Galloway, F., R.M.R. Venter, & T. Bothma. 2006a. *PASA Industry Surveys, Executive Summary: Broad trends over four years (2002-2005)*. Pretoria: Department of Information Science, School of Information Technology, University of Pretoria.
- _____. 2006b. *PASA Annual Industry Survey 2005 Report*. Pretoria: Department of Information Science, School of Information Technology, University of Pretoria.
- McCallum, K. 2005. "'If you think education is expensive, try ignorance!' What does a culture of reading cost?" *Bookmark* October 2004-March 2005: 9-10. [Abridged version of paper presented at Cost of a Culture of Reading Symposium, available from: <kate.mccallum@storm.co.za>]
- Schiffrin, A. 2000. *The Business of Books: How International Conglomerates Took Over Publishing and Changed the Way We Read*. London: Verso.
- Zaid, G. 2004. *So many books*. London: Sort of Books.